*Ons gee God se Hoop en liefde aan*

# Diensnuus





**09:30 Erediens / Kategese**
**09:00 Botrivier Gemeenskapdiens**
**10:00 Jongensklip – Ds. Werner van den Heever**

## 01 ALGEMENE INLIGTING:

**Woord & Gebedsbediening:**

***Gebedskamer:*** Ons nooi jou uit om saam met ons te kom bid elke Donderdagoggend 05:00

*As jy 'n **daaglikse skrifgedeelte** en **gebed** wil ontvang: WhatsApp jou naam na 0834142413*

SnapScan is beskikbaar by deure, of volg die skakel. Dankie
https://pos.snapscan.io/qr/PXA0221

## ONS BID VIR :

Pieter Le Riche
Inus van der Westhuizen
Adriaan Heyns

## 02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

PJ de Kock
Riëtte Steyn
Johlene Norval
Stoffel Niemand

## 03 Kerkraad vergaering:

Woensdag
18 Februarie 19:00

## 04 Werksrooster:

*Ons benodig asb almal se hulp met verwerking van vleis.*
***Sit asb naam op lys, in saal na Erediens.***

**Plase**: Maandag 23/2 & Dinsdag 24/2
Woensdag 25/2

**Kerk Saal**: Woensdag 25/2
(verpakking van vleis)

## 05 ASWOENSDAG: 18 Februarie

**Aswoensdag** val altyd op 'n Woensdag aan die begin van die veertig dae van Lydenstyd in die Kerkjaar.

Lydenstyd strek vanaf Aswoensdag tot Stil Saterdag, die dag voor Opstandingsondag.

## 06 Tafelfees:

Ons benodig **asb hande** om te help met opry van tafels en stoele **Vrydag 27 Februarie.**
&
Afry van tafels en stoele na afloop van fees **28 Februarie**.
Kontak asb: Cornelia of Carla

## 07 DIENSBEURT:

**15 Februarie**
Wyk 10

*Baie dankie*

**22 Februarie**
Wyk 11

# VERJAARSDAE:

| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Jean | De Villiers | 02/06 |
| Lisa | Lourens | 02/06 |
| Marli | Maritz | 02/06 |
| Gerhard | Pienaar | 02/06 |
| Petro | Robertson | 02/06 |
| Heleni | Van Niekerk | 02/06 |
| Tossie | Wessels | 02/06 |
| Luchelle | Crous | 02/07 |
| Mornè | De Beer | 02/07 |
| Marie | Mortimer | 02/07 |
| Daniël | Reynolds | 02/07 |
| Lize | Rossouw | 02/07 |
| Elbie | Swart | 02/07 |
| Charl | Cloete | 02/08 |
| Dolly | Dreyer | 02/08 |
| Henk | Jordaan | 02/08 |
| Tersius | Meintjies | 02/08 |
| Mariette | Visagie | 02/08 |
| Erika | de Klerk | 02/09 |
| Lambert | De Wet | 02/09 |
| Rudolf | Kriel | 02/09 |
| Brendon | Pheiffer | 02/09 |
| Jolanda | De Wet | 02/10 |
| Surene | Lötter | 02/10 |
| Mare | Louw | 02/10 |
| Clarise | Viljoen | 02/10 |
| Brenda | De Wet | 02/11 |
| Talana | Groenewald | 02/11 |
| Stephan | Kellerman | 02/11 |
| Frikkie | Rust | 02/11 |
| Sunika | De Kock | 02/12 |
| CJ | Fourie | 02/12 |
| Jan | Roux | 02/12 |
| Elize | Smith | 02/12 |
| Niekie | Van Niekerk | 02/12 |
| Johan | Wiehahn | 02/12 |
| Stephan | Du Toit | 02/13 |
| Marco | Meyer | 02/13 |
| Juvhan | Diedericks | 02/14 |
| Mari | Lubbe | 02/14 |
| Leah | Stone | 02/14 |
| Petro | Van Wyk | 02/14 |
| Engela | Redelinghuys | 02/15 |
| Dion | Smit | 02/15 |
| Mia | Van Zyl | 02/15 |

# MaranathaVoedsel projek:

Gurswen Hendriks



Ons as gemeente reik weekliks uit na werklose en hawelose mense in ons gemeenskap. Bid saam vir hulle eensaamheid en ellende. Bid vir hul verlossing in Jesus Christus. Ons hou rekord van elkeen se verhaal en belowe om vir hulle te bid en te help waar moontlik. Bv warm klere en komberse, werkverskaffing, respek, aanmoediging en kos dmv die Maranatha voedselprojek.

**Preeknotas**

**Teks: Ef 5 : 14-21** **Tema: Gebruik elke oomblik**

Hoe leef ons elke oomblik in God se wil, hoe leef ons ons gestuurdheid uit, hoe gebruik ons elke oomblik?

Hoe lyk die ruimte waaruit en waarin ons leef?

ROMEINE 6 : 6,8 AFR83

[6] Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. ... [8] Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe.

Ons hang saam met Hom aan die kruis, ons leef, beweeg en bestaan ook deur Hom. (Hand 17 :28)

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

Die opsomming van die wet van God asook ons geloofsbelydenis verwoord híérdie ruimte. Sê wie ons is.

Hierdie ruimte is die wegtrek na ons teks:

1. Wanneer ons Jesus deur die Woord leer ken, sy wil. Om Hom te ken oortref alles....

Só gebruik ons elke oomblik.

Ef 5: 14-17

2. Wanneer ons deur die Gees en die Woord ook ons eie swakheid en sondigheid leer ken en elke keer daarmee na Jesus vlug. Dan gebruik ons ons tyd reg. Ef 5 :18

3. Wanneer ons die kwaad met die goeie oorwin. Selfs al verstaan ons min. Ef 5 :19-21

Kyk na die teks hierbo, sing lofsange, wees oor alles dankbaar (gaan nie oor verstaan, gaan oor dankbaar) en wees onderdanig.

Watter reuse verskil sal dit in jou lewe maak?

Bid daaroor, laat die Gees jou in hierdie dinge nuutmaak. Alle weerstand wegneem.

Jesus roep jou en stuur jou om só elke oomblik te gebruik.

# Caledon Kersmark

## 'n Fees van geskenke

Dit is met groot dankbaarheid en trots dat ons kan deel dat die Caledon Kersmark vanjaar sy 28ste bestaansjaar vier. Oor bykans drie dekades heen het hierdie mark nie net 'n geliefde gemeenskapsgeleentheid geword nie, maar ook 'n belangrike bron van ondersteuning vir mense in nood.

Die wins van die Kersmark, is deur die jare geskenk aan:

- Dienssentrum etes vir bejaardes word betaal
- Heidehof
- Behoeftige gesinne
- Heidehof persone wat nie finansieel dit kan bybring nie
- Swartberg Primêre
- Laerskool Overberg
- Hoërskool Overberg
- Uitsig Chrech
- NG Kerk Moerdergemeente

Hierdie bydrae speel 'n waardevolle rol om noodleniging, ondersteuning en hoop te bring waar dit die nodigste is.

Die volgehoue sukses van die Kersmark sou nie moontlik wees sonder die toewyding, harde werk en samewerking van die komitee, vrywilligers, uitstallers en ondersteuners nie. Elke bydrae, groot of klein, help om 'n tasbare verskil te maak.

Baie dankie aan die komitee vir hul betrokkenheid en insette oor die jare. Baie dankie aan elke persoon wat 'n skof werk by die mark. Ons sien met dankbaarheid en opgewondenheid uit na nog 'n suksesvolle Kersmark en die voortgesette diens aan ons gemeenskap.

Hiermee nooi ons die dames uit om deel te word van die Kersmark komitee. Kontak vir Chrisna 📞 0829444505 of Heleen 📞 0834772617 indien jy graag wil deel word van die span.

Vriendelike groete
Kersmark Komitee

# TAFELFEES

## VRYDAGAAND 27 FEB

PRAISE AND WORSHIP
*aangebied deur Every Nation*

*saam met Kore van Laerskool en Hoërskool Overberg*
HEKKE MAAK 19:00 OOP

## SATERDAG 28 FEB

KOM **KLEUR** DIE DAG SAAM MET ONS IN
FEES BEGIN 08:00

LIVE MUSIC

KUNS & VERVERSINGS

*Smul aan die volgende:*
KOFFIE, KOEKE & POEDING
JAFFLES EN PANNEKOEKE
KERRIE EN RYS & ONTBYTHAPPIES

15KM WINDMILL RUN
*begin 06:15*

FUN RUN
*begin 07:30*

KINDERAKTIWITEITE
*aangebied deur Laerskool Overberg en Overberg Pre-Primêr*

THRIFT SHOP
*pre-loved*

SKAAPMODEPARADE
*en skat 'n skaap*

SIX-A-SIDE
*krieket begin 10:00*

OS-BRAAI
AAN DIE LANGTAFEL!
*begin 14:00*

**KOM KUIER SAAM!**

# PRAISE & WORSHIP

## VRYDAGAAND 27 FEB

| 19:00 | 19:00- 20:00 | 20:00 |
|---|---|---|
| *Hekke maak oop* | *Roosterkoeke & verversings te koop* | *Verwelkoming en open met gebed* |

PROGRAM:

**1. JUNIOR KOOR:**
Soek Allereers
die Koningkryk Van God

**2. HOËRSKOOL KOOR :**
Hallelujah Medley

**3. BAND:**
Wie Regeer
Sonder U
King of my Heart
Prys die Heer
U's My God

**4. SENIOR KOOR:**
Die Seën

**5. BAND:**
Raise a Hallelujah
Good good Father
Gratitude
In die Hemel is die Heer
Soos n wildsbok

**6. EINDE:**
10 000 Reasons
*(band saam met Kore)*
Sluit af in Gebed

TOEGANGSFOOI: **R20.00**

WAAR: ***Hoërskool Overberg***

PARKERING: ***Laerskool rugbyveld***

TAFELFEES




# OS-BRAAI

**R130 PER BORD** *(sluit in heerlike bykosse)*

*Kontak die* **KERKKANTOOR**

028 212 1202

072 807 3192

NGKCALEDON@TWK.CO.ZA

TAFELFEES

**KRY JOU KAARTJIE NOU!!**

Kaartjies by Kerkkantoor beskikbaar

## ACVV CALEDON PROTEA DIENSSENTRUMBESTUURDER

Aansoeke word ingewag vir 'n Bestuurder van die gemeenskapsgebaseerde diens aan ouer persone.

**5 DAE PER WEEK: 6 URE PER DAG**

**Sleutelprestasie-areas behels onder meer:**

- Die Bestuur van Dienssentrum vir 'n optimale diens aan ouer persone wat in die gemeenskap woonagtig is
- Menslike hulpbronbestuur, insluitende vrywilligers
- Finansiële bestuur, fondswerwing en bemarking
- Skakeling met die bestuur, dienssentrumlede, gemeenskap en relevante rolspelers

**Posvereistes:**

- Gr 12 NSS
- Kennis en ervaring van ouer persone, insluitend toepaslike Wetgewing
- Goeie menseverhoudinge en die vermoë om binne spanverband te werk
- Die vermoë om toepaslike dienste daar te stel en aktiwiteite aan te bied
- Kennis en ervaring van Menslike Hulpbronbestuur en Finansies
- Tweetalig: Afrikaans en Engels
- Rekenaarvaardig
- Geldige bestuurslisensie met geldige PDP
- Polisieklaring

**Aanbevelings:**

- Vorige ervaring in die bestuur van dienste aan ouer persone
- Vorige ervaring in die ACVV sal tot u voordeel wees
- 'n Salarisverwagting moet asb u aansoek vergesel.

Handig asb volledige CV, met gesertifiseerde afskrifte van relevante dokumentasie, per hand in by Protea Dienssentrum, Hoopstraat 3 (agter NG Kerk in die middedorp) tydens kantoorure – Maandae tot Vrydae tussen 8:00 en 12:30.

**Sluitingsdatum: 2 Maart 2026 om 12:30**

**Diensaanvaarding: 04 Mei 2026**

**Indien u nie teen 9 Maart enige terugvoer gekry het nie, aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie**

**ACVV IS NIE VERPLIG OM ENIGE AANSTELLING TE MAAK NIE**